Brief 6

Kennisgewing met betrekking tot Toegangsgeld – Artikel 22(2)

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

KENNISGEWING VAN BETALING VAN VOORGESKREWE TOEGANGSGELD INGEVOLGE ARTIKEL 22(2) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot bepaalde rekords van hierdie inrigting gedateer _____.

*Ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van bogemelde Wet, sal u die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld as ‘n **deposito** moet betaal voordat u versoek afgehandel kan word.

*Aangesien ‘n soektog na die rekords wat versoek is, aan die lig gebring het dat die voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking meer as die voorgeskrewe aantal ure vir hierdie doel sal vereis, moet u ‘n deposito ten bedrae van R_____ op die toegangsgeld betaal. Dit maak ongeveer ‘n derde van die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld uit, wat ongeveer R_____ sal bedra.

Bostaande totale bedrag is bereken volgens die voorgeskrewe tariewe in die Regulasies en is uiteengesit in die aangehegte faktuur.

Indien u versoek om toegang tot hierdie rekord later geweier sou word, sal hierdie bedrag aan u terugbetaal word.

Reg tot appèl
Ingevolge artikel 22(3) van bogemelde Wet, kan u ‘n interne appèl teen die betaling van die deposito op die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld aanteken.

Indien u teen die betaling van die deposito op die voorgeskrewe gedeelte van die toegangsgeld wil appelleer, sal u ‘n interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet so ‘n interne appèl binne 60 dae op die voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word:

Posadres : _____
Kontaktelefoonnommer: _____
Faksnommer : _____
E-posadres : _____

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:
**Skrap wat nie van toepassing is nie.*